

PJ Kriel

12.04.2015

Inhoud Hierdie preek wys die geskil uit in die geloofsgehoorsaamheid aan God van gelowiges teenoor die geestelike praat van die moderne Christelikheid se geestelikes wat geen gehoorsaamheid aan God is nie. Gelowiges is verbind om iets te maak van die gawes van God aan God en vir God. Vir gelowiges is die Here Hy wat alles maak, alles toevertrou en al die werk doen, sodat Sy kinders Hom onbevange, in liefde en vreugde kan dien: werkers in sy groot skeppingsonderneming. Deur ons te regverdig in Christus skep Christus getrouheid in sy diens as God. 'n Getrouheid om diensbaar alle gawes op te neem, om daarmee iets vir God te doen en iets vir God te maak. In die moderne Christelikheid se geestelikheid glo hulle in God as die harde God, as die God wat met kragdadigheid alles wat jy het en doen, wil vat en opeis. Met hierdie wangeloof in God is hulle besig met 'n skyn gehoorsaamheid van praat en nie doen nie. Hulle praat gediensig maar doen niks met God se gawes vir God nie. Alles wat God vir hulle as gawes in sy diens gee, gee hulle aan God terug as offer omdat hulle niks daarmee wil doen nie. Jesus Christus noem hierdie geestelikheid van die moderne Christelikheid waar jy jou lewe, hart, beheer, kinders, land, taal en gemeenskap vir God moet teruggee – nutteloosheid. Nie die trots en eer van gehoorsaamheid nie, maar die nutteloosheid van slegtheid en luiheid met verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor God.

1. Lied 199: 1,2,3

Evangelie en genadetoesegging
Rom. 3:21-26

2. Lied 220:1 en 2

Nuwe Wet en geloofsgehoorsaamheid
Matteus 5:17-20

3. Lied 528:1-3

Skriflesing: Matt. 22,23 en 25

⁴¹Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: ⁴²“Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?” “Dawid s'n,” antwoord hulle Hom. ⁴³Hy sê toe vir hulle: “Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan ‘Here’ genoem? Hy sê tog: ⁴⁴‘Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. ⁴⁵As Dawid self Hom ‘Here’ noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?” ⁴⁶Niemand kon Hom daarop iets antwoord nie. Van dié dag af het niemand dit meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie.

23 Toe het Jesus die menigte en sy dissipels toegesprek ²en gesê: “Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die gesag om die wet van Moses te vertolk. ³Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie. ⁴Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie. ⁵Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word.

25¹⁴“Verder gaan dit soos met 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaargeroep en sy besittings aan hulle toevertrou. ¹⁵Vir een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander twee, en vir 'n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan. ¹⁶“Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, het dadelik daarmee gaan werk en 'n wins gemaak van nog vyf. ¹⁷So ook die een wat twee gekry het: hy het 'n wins gemaak van nog twee. ¹⁸Maar die slaaf wat een gekry het, het 'n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek. ¹⁹“Na 'n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en van hulle rekenskap gevra. ²⁰Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en bring die ander vyf saam, en sê: ‘Meneer, vyf goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het.’ ²¹Toe sê sy eienaar vir hom: ‘Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’ ²²“Toe kom die een met die twee goue muntstukke en sê: ‘Meneer, twee goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins gemaak het.’ ²³Sy eienaar sê toe vir hom: ‘Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’ ²⁴“Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie. ²⁵Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier het u u geld terug. ²⁶Toe sê sy eienaar vir hom: Jy is 'n slegte en 'n lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie. ²⁷Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by my koms met rente teruggekry het. ²⁸Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het. ²⁹Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word. ³⁰En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

4. Lied 527:1 en 2

PJ Kriel

12.04.2015

Teks: Matteus 25: *“²⁹Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.”*

Tema: Christus verbind ons aan 'n gehoorsaamheid waar ons iets maak van wat God aan ons toevertrou

1. In hierdie gelykenis openbaar die Here die verskil tussen die gehoorsaamheid van hulle wat in Hom as Messias glo, en dit waarmee hulle wat nie in Hom glo nie, besig is maar tog terselfdertyd as gehoorsaamheid aan God vir hulleself, ander en God wil voorhou.

Hierdie gelykenis is deel van die Here se gesprek met sy dissipels na die finale breuk tussen Jesus en die Joodse geestelikheid wat in hoofstuk 22 plaasgevind het, in die konfrontasie met die Jode oor wie se Seun Jesus is.

Met hierdie uitdaging oor wie se Seun Hy is, het die Here vir die Joodse leiers gewys dat Hy nie die Messias is wat deur hulle op die “stoel” van Moses gesit gaan word nie (23:22), maar dat Hy aan die regterhand van God gaan sit.

Sy gesag as Here is, volgens hierdie kontras, om as God self só te regeer dat Hy deur sy regering die beloftes van God vir Sy dissipels waarmaak. Daarom is dit die vervulling van die genadeheerskappy van God oor Sy Kerk.

Christus het nie die gesag wat die Joodse geestelikes vir Hom geskep het, om die Here te wees om Moses se wet te vertolk en hulle as die mentors van die wet te bemagtig, aanvaar nie. Hy het hierdie tipe geestelike gesag wat hulle ingestel het vir die Joodse geestelike gemeenskap, verwerp.

2. In hierdie gelykenis openbaar die Here dan wat die verskil is van die gehoorsaamheid van hulle vir wie Hy Here aan die regterhand van God is, teenoor die gehoorsaamheid van hulle wat onderworpe is aan die gesag van hulle wat die wet van Moses vertolk.

Die Here het reeds hierdie verskil in gehoorsaamheid in 23:3 gestel as 'n gehoorsaamheid van mense wat net praat en nie doen nie (1953 vertaling), teenoor sy dissipels wat gebind is aan die werklike bedoeling van die Wet.

Die verskil tussen hierdie twee soorte gehoorsaamheid volgens hierdie gelykenis, is:

Gehoorsaamheid waar die lewe en gawes wat God aan jou toevertrou het, in getrouheid opgeneem word om iets daarvan te maak;

teenoor

Gehoorsaamheid waar die ingesteldheid is om nie foute te maak nie, terwyl jy niks aanvaar as deur God aan jou toevertrou nie, deur dit wat God vir jou gee, aan Hom terug te gee.

3. Hierdie twee soorte gehoorsaamheid is nie maar ewe goed, so asof dit twee aanvullende spiritualiteite is wat albei maar ewe goed en reg is nie.

Die gehoorsaamheid waaraan die Here as Messias ons bind, is 'n gehoorsaamheid waarin ons deel in die vreugde om getrou aan God diensbaar te wees.

Dit word mooi en goed genoem.

Die ander is glad nie gehoorsaamheid nie, al word dit as gehoorsaamheid geglo en voorgehou. Dit is slegheid en luiheid in die diens van God. Vir die diens aan God is dit nutteloosheid, nie gehoorsaamheid nie.

4. Die gelykenis wys dat 'n ryk sakeman sy hele bedryfskapitaal aan sy werknemers toevertrou.

Die wyse waarop hy dit aan die werknemers toevertrou, wys sy wysheid, goedheid en barmhartigheid: hy ken elkeen se bekwaamheid en vertrou aan hulle verantwoordelikheid toe volgens hulle vermoëns.

Die gelykenis wys ook dat dit goed en reg is om na jou eie bekwaamheid getrou en werksaam te wees. Hy bind nie swaar en ondraaglike laste saam, soos in hoofstuk 23 gewys word die Joodse geestelikes met hulle volgelingen doen nie.

Twee ontvang wat aan hulle toevertrou word in die getrouheid dat hulle hierdie verantwoordelikheid aanvaar as 'n geleentheid om diensbaar te wees en werksaam hulle bekwaamheid op te neem.

Die aksent wys hulle vreugde en ywer met hierdie verantwoordelikheid: dadelik! Die verantwoordelikheid word dadelik as 'n geleentheid vir bekwame diens opgeneem.

Die derde werknemer deel nie in hierdie vreugde en ywer nie. Hy is bang vir hierdie verantwoordelikheid. Uit sy vrees beveilig hy wat hy kry, en sorg dat niks verkeerd gaan of verlore gaan van wat aan hom toevertrou is nie. Net om dit weer so aan sy werkgewer terug te gee, met die verwagting dat hy erkenning vir sy getrouheid om dit op te pas en terug te gee, sal kry.

5. Hierdie twee verskillende optredes van hierdie werknemers wys op die twee verskillende wyses waarop hulle hul posisie by hulle werkgewer aanvaar het, en daarom op die geloof wat hulle in die werkgewer en sy uitdeel van verantwoordelikheid gehad het.

Die derde een het homself gesien as een wat alles wil vat en hê. Binne hierdie geloof in sy werknemer sien hy homself as een wat eintlik geroof gaan word, want hy moet al die werk doen en sy werkgewer vat al die wins.

Met hierdie geloof gee hy dan sy geld aan hom terug presies soos hy dit gekry het: daar is geen foute daarmee gemaak nie en dit is nie verlore deur verkeerde besluite of mislukte ondernemings nie.

Hy kan weer terugvat wat hy gegee het, want hy wil mos net alles vat en hê.

Die ander twee wil met vreugde en trots vir hulle werkgewer wys wat hulle reggekry het met wat aan hulle toevertrou was.

Dit is twee heeltemal verskillende maniere waarop diens en verantwoordelikheid hanteer word: om iets te maak van geleenthede, teenoor om niks met geleenthede te maak nie, maar alles veilig terug te gee.

6. Wat maak die verskil in hierdie optredes?

Wat die verskil maak, is die geloof in wie die werkgewer is!

Die derde een stel dit openlik en duidelik: jy is 'n harde man! Jy is veeleisend en onredelik omdat jy alles altyd wil vat en hê. Dit is die bedoeling van die beskrywing dat hy oes waar hy nie gesaai het nie, en pluk waar hy nie geplant het nie.

Dit is nie 'n beskuldiging dat hy 'n dief is en ander besighede besteel of roof nie.

Dit is 'n verwyte en beskuldiging van 'n werknemer teenoor 'n werkgewer, net soos dit vandag omtrent elke dag in die arbeidsgeskille van ons land gebeur: julle kry die geld en ons moet die werk doen, sonder dat ons kan deel in die wins!

Met hierdie verwyte word die begeerte van die arbeider om self te deel in die posisie en wins van die werkgewer, ontbloot. Hy wil nie die verantwoordelikheid en geleentheid hê om 'n werknemer te wees nie. Hy wil deel in die bestuur van die onderneming, inspraak hê en die winste van die onderneming deel.

Daarom die verwyte van berowing van die arbeiders teenoor die werknemer!

Die ander twee het heeltemal 'n ander geloof in hulle werkgewer. Hulle sien dit as 'n eer om met die eiendom en belange van die werkgewer toevertrou te word.

Hulle sien dit as 'n geleentheid om met hulle bekwaamheid te dien, te werk en te woeker: om planne te maak, pogings te onderneem en om iets te bereik tot voordeel van hulle werkgewer.

Hulle sien hulle self as deel van hulle werkgewer se onderneming, en nie as misbruikte en uitgebuite werkers omdat hulle eintlik self die onderneming wil besit en die winste wil inpalm nie.

Dit is hulle eer om deel van hulle werkgewer se onderneming te wees, met die uitdaging en vryheid om iets met sy belange en besittings vir hom te kan maak.

7. Dit is hoe die gehoorsaamheid aan God deur die geloof in en diens aan God, wat Jesus as Messias moontlik maak, verskil van die nuttelosheid van die optredes en die tipe wet wat deur geestelikes bedryf word.

Jesus skep die tipe gehoorsaamheid wat Hy in Matteus 5 noem "geregtigheid wat meer oorvloedig is as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs."

Dit doen Hy aan die regterhand van God, as Seun van God en Dawid: Hy vervul die beloftes van God aan Abraham dat Sy Kerk Hom onbevrees sal dien.

Onbevrees omdat Hy met sy lyding en sterwe sal instaan vir al hulle ongeregthede, en met sy gehoorsaamheid hulle diens aan God sal heilig en regverdig.

Oorvloedige geregtigheid is om te deel in die geregtigheid wat Jesus as Messias deur Sy lyding en sterwe bewerk het, en sondaars in laat deel. Hy laat hulle lewe en diens aan God reg wees.

Dit is die posisie waarin die Here ons in Sy genadeheerskappy plaas: die foute wat ons as werknemers maak, maak Hy self reg; dit wat ons as werknemers breek, maak hy heel, net soos elke boer dit op sy eie plaas doen.

Daarom verander Hy ons diens vir God, na die vreugde om te mag deel in die onderneming wat God met Sy skepping het.

Hy vertrou Sy skepping aan ons toe volgens die bekwaamhede wat Hy ons gegee het, en maak dat ons skuld- en oordeelloos in Sy diens, elke verantwoordelikheid opneem as geleentheid om iets daarvan te maak vir Hom met die bekwaamheid waarmee Hy ons toegerus het.

Daarom mag ons nie die gelykenis ook sien as dat jy die vreugde van die Here ingaan, omdat jy hard gewerk het nie. Dit gaan oor die nuwe heerskappy waarin ons arbeid en diens aan God voor sy koms, 'n vreugde en lus is. Wie voor sy koms in hierdie diensvreugde deel, deel ook in die vreugde van die feesmaal met sy koms.

8. Hierteenoor staan die eiegeregtigheid van die Joodse geestelikheid, en daarmee saam alle spiritualiteite van hierdie wêreld se goddeloosheid.

God is hard!

Elke verantwoordelikheid wat vir 'n gelowige toevertroude diens is, is vir hulle die hardheid van God wat hulle belas met swarighede!

Elke geleentheid om iets te maak van die wêreld en sy gawes, word gesien as God wat die mens gaan roof van wat die mens toekom, en daarom word alles maar aan God oorgee. Hy gaan mos in elk geval alles op die ou einde vir Homself vat!

'n Geestelikheid waarin jy net moet oppas om nie foute te maak nie en dan alles weer aan God teruggee wat Hy aan jou toevertrou het.

Wanneer die Here hierdie goddeloosheid kontrasteer met vreugdevolle en ywerige diensbaarheid aan God in Sy skepping voor die Here se wederkoms, dan wys dit die absurdheid van hierdie minagting vir God wat God sien as hard: ongenaakbaar in uitdagings en opeisend en besitlik met arbeid se wins!

Dit wys die teenstelling van God wat alles in Sy skepping aan die mens toevertrou, en getrouheid as gawe in Sy diens gee, maar wat verdag gemaak word deur die mens asof God roof en besitlik is.

9. Om dit in die gelykenis te sien op hierdie wyse is maklik.

Maar om dit in die lewe raak te sien, is moeilik. Want in die lewe is ons baiekeer deel van hierdie minagting teenoor God, en maak ons ons eie minagting vir God ons geestelikheid met God, net soos die Joodse geestelikes.

Kom ons toets dit met die gewone geestelike taal van ons dag.

Hierdie algemene uitdrukkings kan ons baiekeer gebruik en eintlik iets anders bedoel as wat die woorde regtig sê. Maar kom ons toets dit vir wat dit sê, nie hoe dit reg bedoel kan word nie.

“Jy moet jou lewe vir God gee!”

Oppas en teruggee!

Dit is mos wat in hierdie geestelike daad teenoor God gedoen word. Wie gee vir wie 'n lewe?

Dit is God wat vir ons 'n lewe in Sy skepping gee, met al die bekwaamhede waaruit die lewe as gawe bestaan. Hiermee moet ons leef in die geloof dat ons God vreesloos kan dien met die eer dat ons iets van ons lewe vir Hom mag maak, met elke geleentheid wat die lewe ons bied.

Wat doen ons wanneer ons óns lewe vir God gee?

Ons gee vir Hom die lewe wat Hy aan ons toevertrou het, terug, so asof ons Hom daarmee tevrede stel.

Wanneer? Wanneer gee mense hulle lewe vir God?

Wanneer dit wat Hy in ons lewe laat gebeur, vir ons te hard is. Wanneer ons teenoor Hom as harde God te staan kom en dan maar uit moegheid, desperaatheid en onder veroordeling dat ons te veel foute gemaak het, gee ons dan die lewe wat Hy vir ons gegee het, vir Hom terug.

Nie die lewe wat ons vir Hom geleef het met alles wat ons in vreugde ons lewe van gemaak het nie! Nee! Ons gee die lewe wat Hy vir ons as gawe gegee het, terug.

Jou slegte en lui slaaf! Nutteloos!

Nutteloos om iets van jou lewe vir God as wins vir Sy gawe te maak, gee jy bang jou lewe vir God. En dan wil jy so die Ewige Lewe ontvang omdat jy die lewe aan Hom teruggegee het!

“Jy moet jou hart vir God gee!”

Hierdie opdrag word ook gewoonlik gestel as die wyse waarop jy God se vergifnis en die Ewige Lewe moet ontvang.

Wie gee vir wie 'n hart?

Dit is God wat vir ons 'n menslike hart fisies en geestelik gee, waarmee ons as mense in Sy skepping Hom kan dien en liefhê, en ook ons naaste kan liefhê.

Die nuwe gehoorsaamheid uit die geloof beteken: onbevrees kan ek God met elke nuwe gebeurtenis in my lewe liefhê. Die foute en gebreke van hierdie liefde, sal God self regverdig maak in Christus. Daarom kan ek voluit en onbevange liefhê met die hart wat God my gee, en van elke oomblik 'n liefdesoomblik maak. Hierdie liefdesdade kan ek vir God bring om vir Hom te wys wat doen ek met die hart wat Hy my gee.

Maar nou kom geestelikes en vertel jy moet vir jou sondes en om met God versoen te word, jou hart vir God gee. Bedoelende as offer.

Jou slegte en lui slaaf!

Hiervoor sal jy nie die ewige lewe beërf nie, maar in die buitenste duisternis gewerp word. Hoe kan jy jou hart in 'n gat sit en vir God teruggee uit die vrees vir die foute en skandes wat jy gemaak het, vir die liefde wat jy gegee het?

Jy moet in die geloof dat Hy alle liefde regverdig met alles wat fout is en gebreek word, in vreugde en met eer vir Hom wys hoe jy liefhet met die hart wat Hy vir jou gee. Nie teruggee as offer vir sondes nie!

Hierdie gee van jou hart bevestig jou minagting dat jy God sien as te hard. Te hard in Sy eis dat jy met jou hart in hierdie wêreld God en jou naaste volgens Sy Wet moet liefhê, as die wins van die gawe om 'n hart en 'n nuwe hart te ontvang het.

“Jy moet die beheer van jou lewe, jou gesin, jou besigheid en land aan die Here oorgee!”

God gee ons as mens die bekwaamheid om besluite te kan neem waarmee ons die gang van ons lewe en die skepping ingrypend kan vorm en stuur. “Beheer” beteken dat God ons teenoor Hom verantwoordelik en aanspreeklik gemaak het vir die gawe om skeppend met Sy skepping om te kan gaan.

Nou kom die tipiese wettiese geestelikes met die vrome goddeloosheid dat jy jou beheer aan God moet oorgee. Dit kan tog niks anders beteken as dat jy jou verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir jou skeppende optrede as mens, aan God teruggee nie.

En hiervoor moet God jou nou op die oordeelsdag beloon met die Ewige Lewe!

Jou lui en slegte slaaf!

Hoe kon jy jou aanspreeklikheid en verantwoordelikheid om skeppend deel van God se skepping te wees, in 'n gat sit en vir Hom teruggee. Dit bevestig jou vrees vir Hom

vir foute en jou minagting van jou posisie teenoor God as Skepper om iets te maak van Sy skepping.

God gee die gawe van beheer om met vreugde Sy skepping te kan bestuur en vir mens en dier 'n woning te laat wees. Jy moet hierdie skeppings deur jou besluite en aanspreeklikheid vir God as die wins van hierdie gawe bring, uit liefde dat jy dit vir Hom mag doen.

“Jy moet jou kinders aan God wy en opdra!”

Hierdie is seker een van die hartseerste luiheid en slegtheid wat mense as hulle vroomheid aan God opdra.

Jy moet jou kind aan God wy en hom 'n teken van jou kinderwyding laat dra!

Wie gee vir wie kinders en wie wy kinders aan wie?

Dit is God wat hierdie gawe aan 'n man en vrou gee. Hy gee hierdie gawe, en Hy as God gee hierdie bekwaamheid om nie net man, maar pa, en nie net vrou, maar ma te wees.

Hierdie gawe, om die mens in sy kindwees aan ouers toe te vertrou, in hulle mees brose menswees en oop vir die vormendste insette van die lewe, kan gelowiges met vreugde opneem en in volle aanspreeklikheid hulleself in hulle ouerskap, gehoorsaam aan God toewy.

Dit kan gelowiges doen met die vaste sekerheid dat al die foute wat hulle met hulle kinders begaan, God sal gebruik om as God vir hierdie kinders goed mee te doen. Daarom staan God nie, soos baie sielkundiges en onderwysers, gereed om ouers as die bron van hulle kinders se ellende uit te maak nie.

Gelowiges kan vir God hierdie getroue toewyding bring: kyk wat het ek met die kind wat U vir my gegee het, gedoen! Kyk die wins van die gawe van U aan my toevertrou het!

Maar wat doen goddeloses in hulle geestelikheid?

Hulle gee die kind wat God aan hulle toevertrou het, aan God terug! Hulle wy die kind aan hom as God, terwyl Hy as God die kind aan hulle ouerskap toewy.

Wat is dit anders as om vir God terug te gee wat God vir hulle gegee het? Wat is kinderwyding anders as om jou aanspreeklikheid om ouer te wees, in 'n gat te begrawe uit die vrees vir wat God jou gaan aandoen vir die sondes wat jy teen hierdie kind gaan begaan?

10. Hoe glo 'n mens in God as jy só met alles wat Hy aan jou toevertrou het, maak: ek gee dit vir God terug en omdat ek dit vir Hom teruggee, moet Hy my vergewe en daarby nog die Ewige Lewe gee?

In hierdie geestelikheid is God niks ander as die God wat alles besitlik sy eie wil hou, en nie sy skepping aan mense met die gawe om beeld van God te wees, toe te vertrou nie – “bewerk die aarde!”

In hierdie geestelikheid om vir God alles te gee soos Hy dit vir jou gee, leef die minagting dat Hy wil alles vat en hê, terwyl ek die een is wat al die werk moet doen.

Daarom verval hierdie geestelikheid altyd in die houding: ek moet net nie foute maak nie en Sy goed vir Hom terug gee.

Jesus Christus noem hierdie geestelikheid waar jy jou lewe, hart, beheer, kinders, land, taal en gemeenskap vir God moet teruggee – nuttelosheid.

Nie die trots en eer van gehoorsaamheid nie, maar die nuttelosheid van slegtheid en luiheid met verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor God.

11. Jesus skep 'n ander lewenswyse deur sy genadeheerskappy, waar sy dissipels deel in sy geregtigheid deur sy lyding en dood. Hulle deel in sý oorfloedige geregtigheid, terwyl Hy alle straf en oordeel dra.

Hy is nie die God wat alles vat en wil hê nie.

Hy is die Here wat alles maak, alles toevertrou en al die werk doen, sodat sy kinders Hom onbevange, in liefde en vreugde kan dien: werkers in sy groot skeppingsonderneming.

Hierdeur skep Christus getrouheid in diens. 'n Getrouheid om diensbaar alle gawes op te neem, om daarmee iets vir God te doen en iets vir God te maak.

Daarom maak gelowiges totaal iets anders met wat die Here aan hulle toevertrou:

- 1) Hulle ontvang verantwoordelikheid en eiendom as toevertroude diens en gawes.
- 2) Hulle leef in geloof in Christus met die eer en trots om deel te mag wees van God se groot skeppingsonderneming: arbeiders in Sy koninkryk.
- 3) Hulle leef met die innerlik ywer en dringendheid om iets te maak van wat God aan hulle toevertrou.

En hierdie is die getrouheid aan God en Sy wet wat meer is as die geestelikheid van die skrifgeleerde en Fariseërs.

12. Ons mag nooit hierdie geestelikheid van “praat maar nie doen nie”, met geestelikheid besig wees, maar nooit ons skeppings-aanspreeklikheid met vreugde en liefde teenoor God opneem nie.

Ons praat nie en doen niks met wat aan ons toevertrou is nie. Ons laat nie die lewe met al sy geleentheid om diensbaar aan God te wees, by ons verbygaan in die vrees vir God oor wat ons doen nie.

Christus verbind ons aan 'n gehoorsaamheid waar ons iets maak van wat God aan ons toevertrou

Ons leef nie in hierdie luiheid en slegtheid om nutteloos te wees en ons lewe, hart, gesin, land taal en besigheid aan God terug te gee nie.

Ons leef vreugdevol in Christus se geregtigheid, verantwoordelik en aanspreeklik vir ons diensbaarheid teenoor God: Here, kyk wat maak ons met wat U vir ons gee!